DEEL 115 | WEEK 15 | 14 APRIL 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Boere hou asem op oor rypskade



Met strooptyd op hande, is talle boere benoud oor die vroeë ryp wat die laaste paar dae voorgekom het en moontlike skade aan sojabone veroorsaak het. Alhoewel dit normaalweg die eerste week van April ryp, was die afgelope paar jaar anders en boere baie gelukkig om eers in Mei ryp te kry. Saaiboere het egter nie soveel geluk die jaar gehad nie, en het vroeg in April wel ryp gekry. Dit het 'n direkte invloed op oesopbrengs. Met meeste van die soja pitte wat nog moet nog vol raak, het die pitte 'n knou gekry wat die opbrengs sal benadeel. Volgens Juan Volschenk, die bestuurder van Frankfort VKB, is daar reeds baie boere wat hul mielies en sojabone inry na hul silo's. Hierdie boere het meestal vinnige kultuurgewasse geplant of onder spilpunt geplant.

Die nagevolge van die ryp sal eers op 'n latere stadium behoorlik bepaal kan word, maar dit is duidelik dat die boere die impak van die vroeë ryp sal voel. Dit is veral 'n probleem omdat die insetkostes om hierdie gewasse te produseer reeds baie hoog is. Boerdery is soos dobbelspel, vertel ǹ boer in die Heilbron omgewing. Mens weet nooit wat gebeur volgende nie. Dit is belangrik dat ons as gemeenskap ons boere ondersteun en erken dat hul hardwerkende mense is wat belangrike bydraes tot ons samelewing maak.

*Foto erkenning: DJ van der Linde*















# Waternood en swak diens: Vreedsame protes



Meer as 200 inwoners het Dinsdag in 'n ordelike protes oor die huidige waternood en swak dienslewering in Heilbron na die dorp se munisipale kantoor gestap. DA-raadslid Robert Ferendale, bygestaan deur die DA-takbestuur van Heilbron, het dit gelei. Hy is ondersteun deur burgerlike groepe, asook DA-koukusleier Carina Serfontein, en ander raadslede. Hulle het 'n brief met eise aan die munisipale bestuur oorhandig. Rdl John Serati, burgemeesterskomiteelid vir Finansies, het dit ontvang.

**Memo:**
**11 April 2023**

Aan: AREAHOOF, Heilbron
Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit.

In sy onlangse ontmoeting met Ngwathe het die nuwe Vrystaatse premier, Mnr Dukwana, burgemeester De Beer en haar bestuur gewaarsku om swak dienslewering hier onmiddellik te begin verbeter.

1. Die groot probleem in Heilbron vanoggend is ons leë krane, ons waternood sedert 2 Maart. Ons eis ’n permanente oplossing. Ons eis ook onmiddellik tenks met water in strate.
2. Ander probleme wat skreeu om aandag is:
   Gevaarlike slaggate
   Verspoelde grondstrate
   Dooie straatligte
   Oorgroeide begraafplase
   Verstopte vloedwatervore
   Verwaarlosing van sportgeriewe
   Lekkende of geblokkeerde rioolpyplyne
   Onvoltooide brug in S-seksie
   Half-geboude RDP-huise.

ONS EIS BETER DIENS!

***DA-raadslid Robert Ferendale,***
***namens baie ongelukkige inwoners***

# Huppel-Trippel klub hou sport(s)-oggend

Die HT Klub se Sports-oggend het bestaan uit allerhande vaardigheidsspeletjies wat om ‘n tafel gespeel kan word. Daar is “oorlog” gemaak deur opponente se ping-pongballetjies met ’n strooitjie oor ’n tafel te blaas. Of om marshmellows met ’n strooitjie van ’n bakkie na ’n sakkie oor te plaas. Of om balle te gooi of boontjiesakkies te vang... en nog vele meer. Die spreekwoord van: “ ’n Mens hou nie op lag omdat jy oud word nie. Jy word oud omdat jy ophou lag”, was die dryfveer agter die aksie. Oor twee weke speel die klublede Noot vir Noot met Martie Olivier as die noot-aangeër.



# Uit die pen: Week 15 van 2023



Ons was drie tienermeisies wat ’n koshuiskamer gedeel het. Ek was redelik vroeg in my lewe koshuis toe, maar my twee kamermaats het eers vier jaar later by my aangesluit toe hulle ook Hoërskool toe is. Vir my was die redes waarom ek so vroeg koshuis toe moes gaan debatteerbaar, maar nie vir my ouers nie. Jy gaan koshuis toe, end van die prent. Not negotiable. Al het ek, as 10-jarige, elke aand my oë uitgehuil.

So land ek toe met die twee in die kamer. Ellie was ’n perderuiter. Sellie het altyd vertel van haar modelklasse wat haar ma haar laat doen het en in die kamer paradeer. Ek het Sellie al van kleintyd geken, omdat ons in dieselfde kerk was. Ellie en Sellie was meeste van die tyd tjommies.

Dit was nie altyd maanskyn en rose nie. Soos wat dit maar gaan wanneer daar drie mense in ’n verhouding is: een was altyd uit. Ek het een dag ’n Bybelstukkie teen ons spieël opgeplak. Wat ek self geskryf het. Waarop Ellie gevra het hoekom ek ander predikante se preke gebruik.

Soms het Ellie en Sellie op een se bed gelê en gesels, maar wanneer ek in die kamer inkom, bly hulle stil. Ander kere kon ek die twee in die toilet hoor praat oor my. Wat okay was, want wanneer die toetsuitslae gekom het, was ek altyd los voor.

Ellie en Sellie was soms kwaad vir my. Om redes wat ek nie geweet het nie. My hart was dan baie seer, want hierdie sogenaamde “maats” van my, voel nie meer soos maats nie. Wanneer ek dan by my ma gaan huil het (wat nie baie gebeur het nie), sou sy dan sê: “As iemand vir jou kwaad is, en jy weet nie hoekom nie, kan hulle maar kwaad bly.”

Twee jaar daarna het my ouers dorp toe getrek en ek kon van die huis af skool toe stap. Nadat ek al die bande met die koshuis gebou het, moes ek weer die wortels los maak. Maar dis nou maar hoe dit werk in die lewe.

Ek het stadig maar seker vir Ellie en Sellie afgesterf. Waaroor ek nou nog nie spyt is nie. Hierdie twee het blykbaar vriende gebly tot net na skool, en daarna agtergekom dat daar ’n hele wêreld daar buite is.

My ma se les het gebly: as iemand kwaad is vir jou, maar nie vir jou wil sê waaroor hulle kwaad is nie, kan hulle verdomp kwaad bly.

Onlangs het ek dieselfde situasie ervaar. Ek en ’n kollega kom goed oor die weg. Ons lag saam, beplan saam en kan lekker saam redeneer en van mekaar verskil. Alhoewel ons nie vriende is nie, ons sing nie Khumbaya teen sononder terwyl een die tamboeryn slaan nie. Sedert ons mekaar ken, kon ons struikelblokke uit die weg ruim en ooreenkom om nie ooreen te kom nie. Niks fout daarmee nie.

Die dag toe sy van verlof af terugkeer, stap sy in ons kantoor in, groet almal met ’n groot glimlag, maar nie vir my nie. Sy is afsydig en ek sien ek is nie nommer een op haar lysie nie.

Ek wag dat sy met my kom praat, ek gee vir haar soveel geleenthede as nodig, maar sy weier om te sê wat fout is. Ek besluit toe: dan bly jy maar kwaad. Ek is nie kwaad vir jou nie. Whatever. Nes ’n tienerverhouding.

Verlede week skraap ek moed bymekaar en stap na haar kantoor toe. “Het jy ’n oomblik vir my?” Ja, maar baie langtand, klink dit my.

“Is daar iets waarvan ek moet weet? Hoekom is jy kwaad vir my?”

“Weet jy nie hoekom ek vir jou kwaad is nie?” Vra sy ongelowig.

“Nee, ek weet nie. Ek is nie ’n snuffelhond wat alles kan uitruik nie. Dis jou keuse of jy met my hieroor wil praat. As jy wil kwaad bly oor iets waarvan ek nie weet nie, kan jy kwaad bly. Nes jy wil.”

Sy vertel my dat ek haar op 3 Maart te nagekom het. O, dankie. Nou het ons ’n datum. Wat het daardie dag gebeur?

“Weet jy nie wat het daardie dag gebeur nie?”

Ek wou weer sê dat ek nie ’n snuffelhond is nie, maar bly maar eerder stil.

Sy begin vertel dat iemand ons baas gebel het en gesê het ek dat ek A, B en C van haar gesê het. Wat ek nie gedoen het nie.

“Twee vrae,” sê ek. “Hoekom het jy dit nooit met my kom bespreek nie en hoekom glo jy mense se skinderstories as jy dit nog nooit voorheen gedoen het nie?”

“Ja, maar.” En verder kom sy nie, want ek is toe reeds uit haar kantoor. Ek was stomgeslaan en vies. Jy glo ander stories, maar het nie die guts om vir my te kom vra nie.

Sy het later kom verskoning vra, wat ek dadelik aanvaar het. Maar sedertdien is daar steeds iets wat krap. Van haar kant af.

Ek wou vir twee weke nie vra waaroor sy kwaad was nie. Wat heeltemal verkeerd was van my. Die Woord is baie duidelik daaroor: “As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense” (Rom 12:18).

Was ek verkeerd? Ja, gewis. Was sy verkeerd? Ja, gewis. Maar twee verkeerde aksies maak niks reg nie.

Hier week se les is ’n moeilike een: As iemand wil kwaad wees vir jou, sonder rede, laat hom kwaad bly, maar sover as dit dit van jou afhang: leef in vrede met mekaar.

Laasgenoemde is die moeilikste van die lot.

Ek het nooit weer van Ellie gehoor nie. Tans het ek periodiek kontak met Sellie. Eliie ry sekerlik steeds perd, maar Sellie was van die begin af geen modelmateriaal nie. Haar ma moes net eers daarmee vrede maak.

# Ngwathe begrotingsvergadering "onwettig"

"Ngwathe se begroting wat vir aanvaarding vir doeleindes van 'n openbare deelnameproses aan die Ngwathe munisipale raad voorgehou was en as sulks goedgekeur was op 31 Maart 2023 was "onwettig" sê Vryheidsfront raadslid Phillip van der Merwe.

"Nie alleen was die vergadering, wat gestruktureer was as 'n "Dringende Spesiale Vergadering" na my mening onreëlmatig belê nie, maar was daar soveel gebreke in die begrotingsdokument self dat dit nie aanvaar moes word nie" sê raadslid Van der Merwe verder. Die Speaker, wat die vergadering belê het, is wel ooreenkomstig die raad se Staande Reëls, by magte om 'n dringende vergadering op 24 uur kennisgewing aan raadslede te roep, maar dringendheid mag volgends vele hofpresedente nie "selfveroorsaak" wees nie.

Volgens raadslid Van der Merwe was daar vier sake op die agenda vir die "dringende" vergadering. In 'n brief aan die Speaker wys hy, met stawing van sy standpunt, daarop dat nie een van die items op die agenda as dringend beskou kon word nie en dat die vergadering dus "onwettig" sou wees indien dit sou voortgaan. Hy wys uit dat die eerste item wat gehandel het met die voorstelling van die nuwe gesekondeerde waarnemende munisipale bestuurder aan raadslede geensins dringend is nie omdat dit sonder enige komplikasies by 'n latere geleentheid sou kon geskied.

Hy toon verder aan dat beide die Speaker en Burgemeester, wie die 2023/24 begroting en GOP voorstelle aan die raad moet voorhou, reeds minstens 'n jaar gelede bewus was dat die voorgestelde dokumente voor of op 31 Maart deur die raad oorweeg en aanvaar moes word. Geen rede is aangevoer waarom die dokumente laat (raadslede is geregtig om dit vyf dae voor die vergadering te kry om te kan bestudeer en oorweeg) en op onaanvaarbare kort kennisgewing verskaf is nie. "Dit val na my mening as regsgeleerde direk binne die leerstuk van "selfveroorsaakte dringendheid" soos telkens deur die Howe uitgewys en is uitsluitlik veroorsaak deur traagheid aan die kant van amptenary en burgemeester wie moes toesien dat die dokumente betyds gereed was vir voorlegging aan die raad op behoorlike kennisgewing", sê raadslid Van der Merwe.

Die vierde item op die sakelys het gehandel met verlenging van die aanstelling van die waarnemende direkteur van gemeenskapsdienste. "Ook hierdie saak kon geensins as dringend beskou word nie omdat daar op 'n raadsvergadering op 22 Maart 2023 uitsluitlik gehandel was met aanstellings in waarnemende poste waar die saak hanteer kon word. Weereens is geen verduideliking verskaf waarom die saak nie aldaar, met die ander soortgelyke sake, hanteer was nie", sê die raadslid verder.

Raadslid Van der Merwe het in sy brief gewaarsku dat die beplande vergadering onwettig sou wees indien dit sou voortgaan en dat enige besluite aldaar geneem onreëlmatig en onafdwingbaar sou wees. Die Vryheidsfront Plus het reeds in 2018 'n Hofaansoek teen die Speaker gebring toe 'n vergadering op soortgelyke wyse afgewing en besluite deurgedruk was. Die besluite is toe nietig verklaar en die Speaker is aangesê om die Staande Reëls te eerbiedig. Die moontlikheid bestaan dus dat die Speaker deur, ten spyte van die besware, met die vergadering voort te gaan in minagting van die Hof opgetree het.

Die Vryheidsfront Plus het geweier om die "onwettige" vergadering by te woon en deel te neem aan enige besluitneming wat daar moes geskied. Die DA koukus het die siening van die VF Plus gedeel en het eweeens nie die vergadering bygewoon nie. Die Speaker het desnieteenstaande met die vergadering voortgegaan en al die items op die sakelys hanteer. Die openbare deelname proses betreffende beide die begroting en Ge-integreerde Ontwikkelingsplan sal dus nou 'n aanvang neem. Inwoners word aangemoedig om die pers dop te hou om vas te stel waar en wanneer openbare deelname vergaderings sal plaasvind en om dit by te woon om insette te lewer. Opposisiepartye sal die dokumente nou sorgvuldig verder bestudeer en by latere vergaderings hul eie insette lewer.

# Ontwerpbegroting aanvaar - skerp protes help niks

Ngwathe se konsepbegroting vir die 2023/24 jaar is verlede Vrydag (31 Maart) tydens 'n "dringende spesiale raadsvergadering" deur die ANC deurforseer, ten spyte van hewige protes deur opposisiepartye. Die Vryheidsfront Plus se raadslid Phillip van der Merwe het vooraf in 'n sterk-bewoorde brief die Speaker daarop gewys dat die vergadering "onwettig" belê was. Hy is met mening deur die DA-koukus ondersteun. Die vergadering het nietemin voortgegaan. (Sien berig elders).

Die ontwerpbegroting dien as besprekingsdokument vir die openbare deelnameproses wat in die komende weke geskied. Voorgestelde tariewe vir dienste in die algemeen sal styg met 5,3%, eiendomsbelasting met 7,3%, maar elektrisiteitsvoorsiening met 18,7%. Laasgenoemde is gebaseer op verhogings wat die elektrisiteitsreguleerder (NERSA) onlangs vir Eskom goedgekeur het, en is onderhewig aan finale goedkeuring deur NERSA.

DA-lede het die voorgestelde begroting gekritiseer omdat dit vir 'n verlies begroot, iets wat kragtens wetgewing en Nasionale Tesourie-regulasies onwettig is. "Oortyduitgawes word alweer ondervoorsien, soos in elke onlangse jaar," sê DA-raadslid Arnold Schoonwinkel, segsman oor Ngwathe se finansies. "Oortydbetalings is steeds buitensporig, en elke jaar kritiseer die Ouditeur-generaal dit." Hy sê dat ander verwagte inkomste weer oorskat en uitgawes onderskat word, "iets waarteen ons en die VF+ elke jaar moet waarsku." Schoonwinkel sê dis "uiters nalatig" dat die amptenary so min doen om verwaarloosde bates, soos Parys se Mimosatuin en die Eeufeesterrein in Heilbron as bron van inkomste te benut. "DA-raadslede sal vollediger voorstelle hieroor maak."

Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe meen dat die beplande kragtariewe in die voorgestelde begroting onrealisties is. Dit deels omdat dit drasties verskil van dié van Eskom wat 'n hoër tarief hef in wintermaande wanneer verbruik die hoogste is terwyl die munisipaliteit een tarief regdeur die jaar hef, maar ook omdat Eskom se tariefverhogings reeds in April in werking tree terwyl Ngwathe sy tariewe eers op 1 Julie kan verhoog en dus vir drie maande die Eskom verhoging self moet absorbeer. "Dit ten spyte daarvan dat ek al minstens twee jaar daarop aandring dat elektrisiteitstariewe markverwant en realisties moet wees" sê hy. Hy aanvaar ook nie die wyse waarop onder andere vir depresiasie en skuldafskrywing voorsiening gemaak word nie.

Die konsepbegroting word nou aan die publiek voorgelê. "Inwoners word aangemoedig om die media dop te hou vir plekke en datums waar vergaderings gehou sal word en om aldaar insette te maak," sê Rdl Van der Merwe. Die dokument is nou op die munisipaliteit se webwerf beskikbaar, en ook by munisipale kantore en biblioteke in al vyf Ngwathe se dorpe.

# Troukoors



*Marcel en Janè de Villiers is getroud op 1 April 2023 te La Rancho Game Tanch in Mareetsane. Marcel is die seun van Neil en Sanette van der Walt gevestig in Krugersdorp. Janè is die dogter van Dirk Serfontein gevestig in Heilbron en Madeleine Gravette gevestig in Midvaal. Die egpaar vestig hulself in Rooihuiskraal, Centurion.*



*Ds Tommy van Vuuren en Nicolene Janse van Vuuren het die 8ste April die knoop by Donsveertjie te Heilbron deurgehak. Ds Tommy is predikant by die Gereformeerde kerk in Heilbron en Nicolene 'n oogkundige in Heilbron. Nicolene het ook 'n praktyk in Roodepoort. Die egpaar vestig hulself gedeeltelik in Rant-en-Dal en in Heilbron.*



*Brazar en Magdelise Erasmus is op 1 April 2023 te Donsveertjie getroud. Brazar is die seun van Rassie en Sanet Erasmus vanaf Nigel. Magdalise is die dogter van Kobus en Antoinette Els vanaf Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Klerksdorp.*




*Hendrik en Susan Steyn is getroud op 8 April 2023. Hendrik is die seun van Jean en Hannelie Steyn woonagtig op Kleinfontein Kultuurhoewe. Susan is die dogter van Ds Willem en Martha van Schalkwyk woonagtig in Heilbron. Die egpaar vestig hulself op Kleinfontein Kultuurhoewe.*



# In liefdevolle herinnering aan Corné Dreyer (Gebore Claasen)

***Gebore: 11 November 1974***

***Oorlede: 19 Maart 2023***







# Geliefde inwoners word te ruste gelê



*Dit is met groot hartseer dat ons verneem het van Danie Bobbert se afsterwe 8 April 2023. Ons almal sal hom onthou as die blokman wat vir soveel jare in Spar gewerk het. Die laaste paar maande van sy lewe het hy by OK Foods gewerk. Niks was ooit te veel vir hom nie en hy was altyd op sy pos. Hy het sy uitstekende kennis van vleis gebruik om sy medemens te dien.*
*Danie het ook vir baie jare ywerig aan vliegduif kompetisies deel geneem. Hy was daarmee saam 'n bobaas teler en het baie kampioenduiwe geteel.*
*Danie was uit die aard van die saak baie lief vir braai. Jy kon hom altyd op 'n Sondag onder sy lapa kry, besig om 'n vleisie te braai. Hy was 'n man van min woorde, maar die gemeenskap gaan hom verseker mis. Hy laat 'n baie groot leemte agter. Ons dra ons meegevoel oor aan sy vrou Hannetjie, kinders, kleinkinders en familie.*
***Berna du Plessis***



*Whity Joubert is Maandag, 10 April 2023 oorlede. Hy was geliefd in die gemeenskap van Heilbron waar almal baie respek vir hom gehad het. Hy sal onthou word vir sy vriendelikheid en sy klein geselsies wat hy graag aangeknoop het terwyl jy by TyreMart wag dat jou band geruil word. Whity laat na sy vrou Judith, sy seun Pieter, dogter Elizma, skoondogter Elize en twee kleinkinders, DJ en Elanie. Die begrafnis vind vandag om 11H00 vanuit die Gereformeerde Kerk, Heilbron plaas.*




# NG Gemeente Kroonstad-Noord hou groot musiekfees

**KROONSTAD –** Daar heers tans 'n entoesiastiese opgewondenheid in die NG Gemeente Kroonstad-Noord. Op 20 Mei 2023 vind 'n uitsonderlike musiekfees, Laudate omnes gentes, (Prys die Here, alle nasies) in die gemeente se kerkgebou plaas.

Hierdie unieke geleentheid is die breinkind van die gemeente se orrelis, Isabel Kruger, om fondse in te samel vir die herstel van die orrel. Sy is die dryfkrag agter hierdie fees, wat belowe om vermaak uit die boonste rakke aan te bied, terwyl God in dieselfde asem geloof word.

Vir hierdie uitsonderlike konsert, sit Isabel van die groot kanonne uit die Suid-Afrikaanse klassieke musiekbedryf saam op die verhoog. Die sopraan Sonica Rickinson, mezzosopraan Tracey-Lee Booyens, tenoor Amogelang Lebethe en baritons Andries Aldrich en Deon de Jager word bygestaan deur 'n elfstuk orkes van fluite (Carla en Carel Steyn), klarinette (Brian Nelson en Hendri Lemmer), saksofone (Andries Mostert en Charl van der Merwe), trompette (Carlo Wright en Jan Brak), viool (Bambie Heiberg) en altviool (Salomie Viljoen), en orrel (Isabel Kruger en Marientha Brak). Die orrel staan sentraal in elke stuk wat uitgevoer word.

Isabel word bygestaan deur die komponis en verwerker, Marais van den Berg. Op die program is vier van Marais se oorspronklike werke. Die program word geopen met Feesstuk op Prys Hom, die Hemelvors en word afgesluit met 'n Fantasie op Lichtstad. Beide hierdie werke maak gebruik van die volle orkes en orrel sowel as al die soliste. Wat Feesstuk besonders maak, is dat die orrelpart vir orrelduet geskryf is. Marais se Kantate "Al het die vyeboom nie gebot nie" vir sopraan, twee trompette en orrel ontvang ook tydens die fees sy Suid-Afrikaanse première. Op die program is ook Marais se Melodie Ebraiche, 'n feestelike stukkie musiek wat Joodse temas gebruik. Marais sal ook in hierdie werke sy debuut as orkesdirigent maak.

Ander werke op die program sluit klassieke werke soos Mozart se bekende Laudate dominum, Purcell se When I am Laid (Dido and Aeneas) en Rossini se Domine Deus (Petite Messe Solennelle) in. Daar is ook musiek uit die musiekblyspele met ou gunstelinge soos I'll Walk with God, Bring Him Home en I Dreamed a Dream. Geestelike liedere soos Bless this House, Down from His Glory, Gesù Bambino en die bekende The Holy City kan ook gehoor word. Hierdie werke is solo-, of ensemblesang. Al hierdie verwerkings word deur Marais van den Berg gedoen en word ook deur hom dirigeer.

Isabel en Marais sal ook 'n orrelduet, Aankoms van die Koningin van Skeba van Handel speel.

Hierdie besonderse konsert vind plaas in die kerkgebou van die NG Gemeente Kroonstad-Noord, op die hoek van Reitz- en Malherbestraat. Die konsert begin stiptelik om 18:00. Kaartjies kos slegs R150 en is beskikbaar by Rellings, Crossstraat 78, die praktyk van Dr. Quintus Fourie, Hillstraat 49, Lily's Poetry, Winkel 11 in die Panorama Plaza, en ook by die kerkkantoor. Kinders onder dertien (13) kom gratis in.

Maak 'n aantekening in jou musiekdagboek vir 20 Mei 2023 en word deel van een van die groot musiekhoogtepunte van die jaar.

# Modelle blink uit op loopplank



'n Plaaslike model-akademie, Model Manifest Heilbron vereer modelle vir hul harde werk en inspanning om ewigdurend te streef na hoër gehalte loopplank tegnieke, soos per onderskeie diplomas wat modelle meemaak.

Mekayla Rochat was onlangs uitgewys en gekroon as Model van die Maand met 'n wisselkroon, nadat sy uitgeblink het in loopplank tegniek en sodoende bewys het dat 'n jong ouderdom geensins as rede dien vir kompeterende resultate op die loopplank nie.

Mekayla het ook uitgeblink tydens die praktiese model eksamen en was vereer met 'n goue diploma, nadat sy 'n algehele persentasie van 80% verwerf het. *Foto links: Mekayla Rochat*





Tydens Model Manifest se jaarlikse model-toekenning wat plaasgevind het te Kempton Park, Gauteng, het plaaslike model, Liza Grobler van Model Manifest Heilbron, verskeie toekennings ontvang en was onder andere vereer as Heilbron tak se Algehele Wenner vir 2022, asook Model van die Jaar 2022.

Modelle van Model Manifest vanuit die verskeie provinsies in SA het die toekenningsgeleentheid meegemaak en was onderskeidelik vereer vir die jaarlikse prestasies verower.

Liza Grobler van Model Manifest Heilbron was gekroon en uitgewys as die "Best Term Average Model" na afloop van die praktiese model eksamen wat plaasgevind het.

Liza het 'n uitsonderlike algehele prestasie van 90% verwerf tydens die praktiese eksamen, waartydens modelle hul onderskeie loopplank tegnieke mbt 'n spesifieke diploma, weergegee het.

Liza het met selfvertroue die loopplank aangedurf en het met groot trots 'n wel verdiende goue diploma los geloop. *Fotos links: Liza Grobler*

HERALD Sport

# Rolbalspelers groet: "Nag ou grote"

Gedurende 'n mens se lewenspad moet jy baie maal familie of vriende groet, maar met die wete dat ons mekaar heel waarskynlik weer sal sien. Môre, oor 'n week, dalk 'n maand of 'n jaar, soms selfs vir langer tydperke, maar ons aanvaar dat ons mekaar weer sal sien.

Maandag, 10 April 2023, het ons die hartseer nuus gekry dat Whity Joubert oorlede is… 'n finale groet vir sy familie en vriende.



As jarelange lid van Heilbron Rolbalklub sal Whity altyd onthou word as die "strydros". Iemand vir wie reëls daar is om nagekom te word en sy beginsels was vir hom baie belangrik.

Whity het graag advies aan nuwe spelers gegee. Tydens die besigheidsliga kompetisie was hy die "afrigter" van die Tyremart span en tydens die wedstryd is elke speler met 'n arendsoog dopgehou. Deurentyd is spelers dan ook van advies voorsien en aangeprys, maar soms sou jy ook hoor: "Jy moet gras vat, jy is te nou".

Whity was nie net 'n goeie rolbalspeler nie, maar het vir baie jare ook diens gedoen as baanbeampte. Werk wat hy met nougesetheid uitgevoer het om te verseker dat die baan altyd in 'n uitstekende toestand sou wees. Sou iemand durf waag om dalk kritiek te lewer sou jy 'n ander Whity leer ken. Die rolbalbaan was sy trots.

Tydens sosiale spel sou Whity altyd help om die toerusting op te stel en sou hy ook na spel seker maak alle toerusting is weer op hul plek in die klubhuis weggesit, elke ding op sy plek. Dit was Whity.

Beide Whity en Judith is alombekend in Noord Vrystaat rolbal geledere en was gedugte teenstanders tydens kompetisies.

Judith, die rolbalbestuur en elke lid van die klub wil hiermee ons simpatie aan jou, jou kinders en kleinkinders oordra. Mag julle die krag ontvang wat nodig is om julle deur hierdie hartseer tyd te dra.

HEILBRON ROLBALKLUB GROET JOU WHITY!

AP Kerk Heilbron Gholfdag
22 April 2023
Pryse
Skaap of Blesbok vleis prys
Verskeie ander pryse
Vir nie - golfers
Blesbok en ander pryse
Heilbron Gholfklub
Beprekings: Gerrie Muller 083 6207018
Inskrywing: R 350 per speler
Formaat: Best drive Better Ball
Afslaan: 10:30 vir 11:00 (Shotgun start)
Halfwegete – Burger en skyfies
Aand – Steak-ete

ANTRIO Dry Cleaners & Laundry
Dry Cleaning, Laundry And Minor Shoe Repairs
C/O PLEIN & CILLIERS STREET
082 344 7005
016 976 2019
WE COLLECT AND DELIVER INDUSTRIAL

VLEISSENTRAAL
DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.J. Müller 060 966 9340
AFSLAER
Ian Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 506 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3127
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6802
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Giliomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7205
JJ HADEBESTRAAT 77 FRANKFORT (Langs Frankfort Bearings)

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30 | SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 17 APRIL 2023
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
DINSDAG - 18 APRIL 2023
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
MONT PELAAN Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
AMERSFOORT: HAMMAN NGUNI'S PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Bloemfontein
Kontak Danie Pienaar 082 776 7716
WOENSDAG - 19 APRIL 2023
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
STANDERTON Maandelikse aanteel veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
MEMEL DISTRIK: ALS BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Mizpah
Kontak JD Steyn 072 877 6984
DONDERDAG - 20 APRIL 2023
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
VRYDAG - 21 APRIL 2023
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

OK Foods
"Cashback" nou beskikbaar by elke betaalpunt wanneer jy meer as R100 aankoop, limiet van R1000 per kliënt.
CASH BACK